



# Hoërskool Fichardtpark

diensbaarheid • integriteit • geloof • respek • uitnemendheid

Beste ouers en leerders

Welkom terug na 'n welverdiende rustyd. Ons glo en vertrou dat ons leerders en ouers die 2022 skooljaar met nuwe durf en ywer sal aanpak.

## Personalia

- Dit is met groot hartseer dat Hoërskool Fichardtpark gedurende die Desembervakansie verneem het van die afsterwe van een van ons permanente oud-skoolhoofde, mnr. Jan Fourie. In hierdie hartseer tyd dink ons spesifiek aan me. San-Marie Fourie. Ons dra sy familie op aan ons Hemelse Vader – uiteindelik is Hy ons enigste vertrooster. Ons dink ook aan ander Fichies wat geliefdes aan die dood afgestaan het.
- Baie geluk aan me. Nadia Joubert met haar verlowing aan Mnr. Marsel Brand.
- Nuwe personeel:

Ons verwelkom graag die volgende nuwe personeellede - ons glo en vertrou dat hulle avontuur by Hoërskool Fichardtpark 'n wonderlike, nuwe lewensfase sal binnelei:

1. Me. Thea du Toit: Lewenswetenskappe gr.10-12
2. Me. Bronwyn Hanekom: Skeppende Kuns gr.8-9
3. Me. Lariesa Nolte: Wiskundige Geletterheid gr. 10-12
4. Me. Yolandi Stander: Rekenaartoepassingstegnologie gr.10 en Besigheidstudies gr.10-12
5. Me. Coreli van der Berg: Natuurwetenskappe gr.8-9
6. Mnr. Meyer Doubell: Ekonomiese Bestuurswetenskappe gr.8-9



Kontak Nummer: 051 522 6927 • Epos: [fichpos@fpark.co.za](mailto:fichpos@fpark.co.za)  
Hudsonrylaan 24, Fichardtpark, Bloemfontein, 9317

[www.fpark.co.za](http://www.fpark.co.za)

## **Graad 8-kamp**

Die gr.8-leerders het 'n baie suksesvolle kamp by Retiefkampterrein gehad. Hierdie leerders het leiding gekry oor wat spesifiek van 'n ware Fichie verwag word. Baie dankie aan mnr. Louw Prinsloo en me. Liesbet Pretorius wat die organiseerders was. Ons bedank ook al die ander personeel wat by die organisering betrokke was. Hierdie geleentheid is altyd 'n hoogtepunt op ons kalender.

## **Departementshoof-onderhoude**

Die onderhoude vir twee Departementshoofposte vind Maandag, 17 Januarie plaas. Ons bid ons Hemelse Vader se seën op die proses toe.

## **Matriekuitslae**

Volgens die Onderwysdepartement sal die matriekuitslae van 2021 op Vrydag 21 Januarie 2022 bekendgemaak word.

## **Kwartaalprogram**

Vind asseblief aangeheg die belangrike datums vir die eerste kwartaal. By voorbaat dankie dat ons op u as ouers se ondersteuning kan staatmaak.

## **Leerdergetalle**

Ons is dankbaar dat ons leerdergetalle mooi gegroei het. Ons leerdergetalle staan tans op 941 leerders.

## **Covid-19**

Op hierdie stadium is ons baie geseënd. Op die oomblik is daar 1 leerder wat positief getoets het en geen personeel het die virus onderlede nie. Ons wil u graag verseker dat die situasie daagliks gemonitor word en dat alle protokolle steeds van krag is.

## **Ten slotte**

Baie sterkte aan ons ouers en leerders vir die nuwe skooljaar wat voorlê. Mag ons elke dag daarna streef om soos ware Fichies ons skool se waardes van *glo*, *werk* en *dien* met trots uit te leef!

Fichie-groete



H van der Merwe

Skoolhoof

## Hoërskool Fichardtpark – Beskikbare datums vir 2022

<b>Januarie 2022</b>	
10	Skool begin vir personeel
10	Bestuurspanvergadering: 08:00
10	Personeelvergadering: 09:00
10	Kantore oop vanaf 08:00-14:00
10	Skoolhoof beskikbaar per afspraak vanaf 10:00
10	Konsertvergadering: 12:00-16:30
11	Graad 8-oriënteringsdag: 8:00-11:30
11	Graad 8-kampvergadering (organiseerders en leerders): 11:30
12	Skole heropen vir leerders
12	Skool heropen om 07:30 en sluit om 14:00. Opening in Doxa Deo Kerk – Alle ouers welkom (indien toelaatbaar).
13	Braaigeleentheid vir alle ouers en leerders. Vure sal deur die skool voorsien word. Tydens hierdie geleentheid kuier ons lekker saam en u verneem van die skool se planne vir 2022.
14-16	Graad 8-oriënteringskamp te Retief-kampterrein
17	Voortrekkers: Spanbyeenkoms
21	Kleure-atletiek te Bloemfontein Atletiekstadion
24	Voortrekkers: Spanbyeenkoms
24	Graad 8-konsert: Kleedrepetisie
25-26	Graad 8-konsert: Optredes
26	Graad 8-oriënteringstoets gedurende skooltyd
27	Graad 12-oueraand (leerders en ouers): 18:00 in die skoolsaal
28	Inhuldiging van graad 8-leerders tydens 'n formele saalgeleentheid
28	Voortrekkers: Braai saam met ouers
31	Akademie se prysuitdeling (graad 8-11 van 2021): 18:00
<b>Februarie 2022</b>	
1	Sport- en kultuurprysuitdeling (graad 8-11 van 2021): 18:00

4-5	Skiet: Prysskiet 1 te Hoërskool Sentraal
5	Atletiek: Motheo/Xhariëp (Zone 2) te Bloemfontein Atletiekstadion
7	Sportdagbeplanning vir personeel: 18:00 in die personeelkamer
9	Sportdagbeplanning vir ouers: 18:00 in die skoolsaal
9	Atletiek: TUKS Top 10 te Pretoria
11	Atletiek: HTS Louis Botha-byeenkoms te Bloemfontein Atletiekstadion
14	Voortrekkers: Graad 12-kommandobyeenkoms (spele)
18	Atletiek: Sentraal Top 20 te Bloemfontein Atletiekstadion
19	Astro: Inwyding
19	Nautilus 1
21	Voortrekkers: Spanbyeenkoms
24	Mnr. en Mej. Fichardtpark
25	Skaak: Toernooi 1
25-26	Skiet: Prysskiet 2 te Hoërskool Fichardtpark
26	Atletiek: Motheo/Xhariëp hoërskole-kampioenskappe te Bloemfontein Atletiekstadion
28	Voortrekkers: Graad 11-kommandobyeenkoms (kultuur)
<b>Maart 2022</b>	
4-5	Hoërskool Fichardtpark Sportdag
4-5	Atletiek: Vrystaat hoërskole-kampioenskappe te Bloemfontein
4-5	Skiet: Interprovinsiale Proewe te Upington
11-12	Atletiek: ASA Vrystaat-kampioenskappe (o.16, o.18, o.20 en Seniors) te Bloemfontein
12	Wesgrow: Goudveld (weg)
12	Cheerleaders: Kompetisie 1
16-19	Atletiek: Suid-Afrikaanse Hoërskole-atletiekkampioenskappe (plek moet nog bevestig word)
17	Skole sluit
19-24	Voortrekkers: Verkennerkamp te Doornkloof

21-23	Affies-netbaltoer te Pretoria
25-28	Hoërskool Fichardtpark Rugbytoernooi
31 Mrt.-2 Apr.	Atletiek: ASA o.16, o.18 en o.20 Suid-Afrikaanse kampioenskappe (plek moet nog bevestig word)
<b>April 2022</b>	
5	Skole heropen
9	Rugby: Jim Fouché (tuis)
11	Voortrekkers: PV-vraestel
14	Wesgrow: Witteberg (weg)
21-23	Skiet: SANSSU-proewe te Bloemfontein
22	Skaak: Toernooi 2
23	Cheerleaders: Kompetisie 2
<b>Mei 2022</b>	
6	Skaak: Toernooi 3
6-7	Skiet: Prysskiet 3 te Aliwal-Noord
7	Interskole Sport: Hoërskool Fichardtpark vs. Hoërskool Sentraal (tuis)
13-15	Voortrekkers: Kommandokamp
14	Rugby: Landboudal
14	Cheerleaders: Kompetisie 3
14	Nautilus 2
21	Rugby: HTS
27-28	Skiet: Prysskiet 4 - Posliga en Target Sprint te Jacobsdal
30	Voortrekkers: Kokkedoor (verkenner)
<b>Junie 2022</b>	
3	Skaak: Toernooi 4
3	Voortrekkers: Kokkedoor (offisiere)
24	Skole sluit
<b>Julie 2022</b>	

2-6	Voortrekkers: Winterkamp
10-12	Drama: Reza de Wet Toneelfees
19	Skole heropen
23	Voortrekkers: Mara Theron gemeenskapsprojek
23	Wesgrow: Semifinale te Bethlehem
29	Skaak: Toernooi 5
29-30	Skiet: Prysskiet 5 te Hoërskool Sentraal
30	Wesgrow: Finale te Bloemfontein (Kovsies)
30	Cheerleaders: Kompetisie 4
<b>Augustus 2022</b>	
5-6	Skiet: Semifinaal te Hoërskool Sentraal
8-12	Drama: ATKV-tienertoneel
12	Skaak: Toernooi 6
12-13	Skiet: Finaal te Hoërskool Fichardtpark
13	Cheerleaders: Kompetisie 5
19-20	Voortrekkers: Brandkop Kentekennaweek
20	Nautilus 3
22-25	Drama: Allegretto Toneelfees
<b>September 2022</b>	
3	Voortrekkers: PV-oorhandiging
3	Cheerleaders: Provinsiale kompetisie
30	Skole sluit
30	Voortrekkers: Voortrekkers 91 jaar oud
30	Matriekafskeid: Leopards and Lace
<b>Oktober 2022</b>	
1-7	Voortrekkers: Lentekamp
1-8	Cheerleaders: Suid-Afrikaanse kampioenskappe te Polokwane

2-6	Skiet: Suid-Afrikaanse kampioenskappe
11	Skole heropen
22	Nautilus 4
28-30	Voortrekkers: Jeugberaad
29-30	Cheerleaders: Vrystaat proewe
<b>November 2022</b>	
7	Voortrekkers: Algemene jaarvergadering en prysuitdeling
11	Skiet: Algemene jaarvergadering te Hoërskool Sentraal
<b>Desember 2022</b>	
14	Skole sluit